+27 28 514 8500
info@swellendam.gov.za
swellenmun
www.swellendam.gov.za
+27 28 514 2694

49 Voortrek Street, Swellendam | P.O Box 20, Swellendam 6740

**VOORGESTELDE HUUR IN SWELLENDAM/RAILTON**
**KAMP 61 *(strook grond tussen die N2 Nasionale pad en Railton)***
**ERF 8362 *(aangrensend tot VRT Pitt Laerskool)***
**ERF 8481 *(Industriele gebied, aangrensend tot Kamp 61)***

Kennis geskied hiermee ingevolge die voorskrifte van die Swellendam Munisipaliteit se Grondbeskikkingsbeleid, 2018 en die bepalings van Bate-Oordrag Regulasies, 2008, Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet No. 56 van 2003) soos gewysig, dat die Raad, in beginsel, goedkeuring verleen het vir die verhuring van Kamp 61, erf 8362 en erf 8481, Swellendam, aan:

Sibakulu Sekuriteit vir 'n tydperk van 9 jaar en 11 maande teen 'n markwaarde. Sibakulu Sekuriteit is 'n PSIRA Geregistreerde Sekuriteitsmaatskappy wat daarop gemik is om die gehuurde grond te gebruik as 'n opleidingsarea vir sekuriteitswagte, insluitend K9-ontplooiing, vir berging/parkering vir gewapende voertuie/vragmotors, goedere wat van grondbesettings/uitsettings verwyder word en parade gronde.

Dit word bevestig dat die grond nie vir essensiele munisipale dienste benodig word nie. Dit word verder bevestig dat die grond tans nie vir die gevraagde aktiwiteite gesoneer is nie. Om enige van die bogenoemde aktiwiteite te implementeer, sal die aansoeker die relevante grondgebruikaansoeke moet indien om 'n ondersteunende uitkoms te ontvang.

Skriftelike kommentaar/besware, rakende die voorgestelde verhuring, moet die ondergetekende bereik nie later nie as **Vrydag, 25 Augustus 2023, om 12:00**. Kommentaar/besware kan per hand gelewer word by die Swellendam Munisipale Kantore, Voortrekstraat 49, Swellendam of gepos word aan die Munisipale Bestuurder, Posbus 20, Swellendam, 6740.

Laat kommentaar/besware sal nie oorweeg word nie.

Verdere inligting kan bekom word by Mev L. Baransky by 028 514 8500 of e-pos liezel@swellendam.gov.za.

**A Vorster**
**Munisipale Bestuurder**

*Kennisgewing H6/2023*